

'N KRYGSTEORETIESE EVALUERING VAN DIE MILITÊRE OPTREDE VAN GENERAAL J.H. (KOOS) DE LA REY TER VOORBEREIDING VAN EN TYDENS DIE SLAG TE TWEEBOSCH-DE KLIPDRIFT, 7 MAART 1902

Andries Raath¹

Abstract

In this article an assessment is made of the military operations of General JH de la Rey during his preparations for the conflict and the military tactics employed during the battle of Tweebosch-De Klipdrift. The application of the criteria for determining the relative success of war operations enables us to conclude that the outcome of the battle was due to a number of principles operating in De la Rey's favour: De la Rey's successful application of these principles enabled him to score a significant success at Tweebosch-De Klipdrift the speed with which he massed his men at the crucial points of the conflict; his ability to stick to the objective identified; his seizing of the initiative and maintaining it; the unity of command he maintained throughout; his ability to keep his plans clear and simple; the element of surprise operating in his favour; and the fact that he allocated and applied his forces economically.

1. INLEIDING

Generaal JH de la Rey beklee 'n prominente posisie in die geledere van Boere-krygsaanvoerders tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. Hy was een van die Boere-generaals wat sowel aan Boere² as Britse kant³ tydens en ná die oorlog hoë agting geniet het. 'n Belangrike rede vir generaal De la Rey se aansien kan toegeskryf word aan die feit dat hy vanaf die aanvang van die tweede vryheidstryd tot en met die einde van die oorlog op verbeeldingryke wyse die Wes-Transvaalse Boere-kommando's tot uitsonderlike krygsoptrede teen die Britse getalle-oormag

-
- 1 Departement Staatsreg en Regsfilosofie, Universiteit van die Vrystaat. E-pos: raatha@ufs.ac.za
 - 2 Sien Xc (pseud.), "Ons ou general oom Koos de la Rey", *Die Brandwag*, 10 Oktober 1914 en J Oosthuizen, *Generaal Koos de la Rey en sy verhouding tot die uitlanders* (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 1940).
 - 3 Vier dae nadat De la Rey die Britse mag onder lord Methuen 'n verpletterende nederlaag te Tweebosch-De Klipdrift toegedien het, verwoord die pro-Britse blad, *The Daily Graphic*, die Britse agting en bewondering vir De la Rey soos volg: "General Delarey, into whose hands Lord Methuen has fallen, is not only one of the ablest leaders on the Boer side, but is unquestionably one of the most enlightened and humane, as his treatment of British prisoners has already proved on more than one occasion." Daar word bygevoeg: "This able and audacious Boer leader has now, unfortunately, been able to crown himself with still further distinction at our expense" (11 Maart 1902, p. 10).

aangevoer het. Voorts was De la Rey betrokke by van die veldslae tydens die oorlog wat die verbeelding van vriend en vyand aangegryp het.⁴

Ook De la Rey se leierseienskappe en sy vermoë om in die hitte van die stryd die potensiaal van sy manskappe met die maksimum effektiwiteit aan te wend, word as uitstaande kenmerke van sy krygsoptrede beskryf. De la Rey se biograaf, Johannes Meintjes, roem De la Rey as 'n onvergelyklike strateeg, 'n leier wat uittroon in die geheime van militêre taktiek en die dapperste onder die burgers tydens vyandelike aanvalle.⁵ Neil Orpen beskryf De la Rey as die mees uitstaande soldaat wat Suid-Afrika opgelewer het,⁶ terwyl De la Rey deur sir Arthur Conan Doyle geloof word as 'n “bold fighter and master tactician, who ... usually fell like a thunderbolt on the moving British columns and scored signal successes, but who, after a victory, was the soul of chivalry towards his defeated opponents”.⁷ Vanweë De la Rey se krygsvernuf noem die Britse historikus LS Amery vir De la Rey 'n gebore vegter: die Stonewall Jackson van die Boere, soos Louis Botha die Lee was.⁸ APJ van Rensburg skryf dat soos wat generaal Louis Botha die grootste Suid-Afrikaanse strategiese veldheer was, so was De la Rey die grootste taktikus in die oorlogsgeskiedenis van Suid-Afrika.⁹

Die mate waartoe krygstoretiese beginsels aangewend kan word om tot 'n dieper begrip van die militêre vermoë en krygsleiding van Boere-aanvoerders tydens die oorlog te kom, kan aan die hand van 'n evaluering van die krygsoptrede van generaal De la Rey voor en tydens die slag te Tweebosch-De Klipdrift geïllustreer word.

Die slag te Tweebosch-De Klipdrift word veral vanweë drie redes as gevallestudie gekies: eerstens, die slag het plaasgevind teen die einde van die oorlog toe die kommando's onder De la Rey se bevel oor geen vaste voorsieningslinies beskik het nie en die buit van proviand en militêre toerusting strategies gesproke die belangrikste bronne van die Boere-magte was om die stryd teen die Britse oormag voort te sit; tweedens bied dié slag 'n voorbeeld van die groot taktiese uitdagings wat die gekoördineerde aanwending van verskeie kommando's onder verskillende generaalskappe aan De la Rey se beplanning vir en die aanwending van militêre kragte tydens die slag, gestel het; derdens kan die slag as die kulminasie van De la Rey se aanwending van genuanseerde strategiese en taktiese beginsels in die guerrillastryd in die Wes-Transvaalse krygsgebied teen die einde van die oorlog beskou word.

4 Veldslae soos dié te Magersfontein, Nootgedacht, Vanwykspruit en Moedwil, wat die Britse nederlae te Ijzerspruit en Tweebosch-De Klipdrift voorafgegaan het, het De la Rey se aansien as krygsaanvoerder in Boere-geledere laat styg.

5 Sien J Meintjes, *De la Rey, lion of the West* (Johannesburg, 1966), pp. 29-30, 119, 312, 185-186, 225.

6 Sien Meintjes, p. 29; en N Orpen, “Greatest Boer General of them all”, *The Cape Times*, 18 Julie 1964.

7 Aangehaal in Meintjes, p. 30.

8 LS Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 2 (Londen, 1902), p. 341.

9 APJ Van Rensburg, “Genl. Koos de la Rey”, *Die Taalgenoot*, Junie 1972, p. 4.

2. DIE AANLOOP TOT DIE SLAG TE TWEEBOSCH-DE KLIPDRIFT

2.1 Britse krygsmaneuvers in die Wes-Transvaal in die aanloop tot die slag te Tweebosch-De Klipdrift

Lord Methuen, die Britse aanvoerder in die Wes-Transvaalse operasionele gebied, het teen die einde van Februarie 1902 besluit om 'n wa-konvooi belaaï met kos, klere, ammunisie en ander krygsvoorrade vanaf Wolmaransstad na Klerksdorp te stuur.¹⁰ Methuen se besluit het vir De la Rey die geleentheid gebied om die Boerekommando's onder sy bevel van die nodigste voorrade te voorsien. Op 25 Februarie 1902 is 'n bewegende Britse wa-konvooi, ten spyte van swaar bewapende Britse begeleide, ná 'n heldhaftige aanval deur De la Rey se kommando's by Ijzerspruit afgeneem.¹¹

Kort nadat Methuen op 25 Februarie van lt. kol. WC Anderson (wat in bevel was van die begeleide van kol. SB van Donop se wa-konvooi) se terugslag te Ijzerspruit verneem het, beveel hy majoor A Paris, bevelvoerder van die Kimberleykolonne, om sy mag met die oog op optrede teen De la Rey te herorganiseer.¹² Vir doeleindes van dié agtervolgning van De la Rey, het Paris sy mag van 700 tot 1 300 man vergroot – 'n mag wat verskeie onervare gekleurde meelopers ingesluit het.¹³

Op 26 Februarie het lord Horatio Kitchener, opperbevelhebber van die Britse magte, 'n boodskap aan kol. RG Kekewich te Wolmaransstad gestuur, waarin hy beveel is om saam met die mag van kolonel SB von Donnop 'n haastige agtervolgning van De la Rey te onderneem. Hierdie Britse mag, bestaande uit 1 500 troepe, kon egter eers op 1 Maart met die agtervolgning begin.¹⁴

Op 2 Maart het die mag van Methuen, bestaande uit vier kanonne (twee van die 4th onder luitenant GR Venning) en twee van die 38th Battery, Royal Field Artillery (onder luitenant TPW Nesham)), een pom-pom (onder kaptein R Geoghegan) en een pom-pom van die Field Artillery, 200 Northumberland Fusiliers (onder kaptein J Montagu), 100 Loyal Lancashires (onder luitenant J Paul), 'n berede mag

10 GA van der Walt, *Lord Methuen uitgeoorlê deur genl. Koos de la Rey* (Potchefstroom, s.a. – ca. 1916), p. 8.

11 *Ibid.*, pp. 8, 9.

12 Ten tye van die Britse terugslag te Ijzerspruit was lord Methuen in die Kaapkolonie (sien JF Naudé, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp bókant De Wet*, Rotterdam, 1903, p. 327). By ontvangs van die nuus, op 25 Februarie, vertrek hy na Vryburg en neem bevel van majoor Paris se kolonne, wat later daar aangekom het (HM Guest, *With Lord Methuen and the First Division* (Klerksdorp, 1902), p. 112. Sien ook J Oosthuizen, *Jacobus Hercules de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog* (ongepubliseerde DLitt.- proefskrif, PU vir CHO, 1949), p. 554.

13 L Creswick (samesteller), *South Africa and the Transvaal War 7* (Londen, s.a.), p. 186. Sien ook AWG Raath, *'n Stryd vir vryheid* (Brandfort, 2007), p. 461.

14 In dié stadium het 'n blitskolonne onder Grenfell Wolmaransstad verlaat met die vertroue dat spoedig met De la Rey afgereken sou word (Oosthuizen, p. 552).

van 184 5th Imperial Yeomanry (onder kaptein FM Jennings), 233 Cape Police (onder majoor CA Berangé), 64 Cullinan's Horse (onder kaptein T Cullinan), 110 86th Imperial Yeomanry, 92 Diamond Fields Horse, 58 Dennisson's Scouts (onder kaptein R Browne), 126 Ashburner's Horse (onder kaptein E Ashburner) en 24 British South African Police (saam met Cullinan's Horse) met 39 ossewaens en 46 muilwaens vanaf Vryburg vertrek.¹⁵ Methuen se plan was hoofsaaklik daarop gerig om te verhoed dat De la Rey vanuit die Marico-distrik opereer.¹⁶ Vir dié doel sou sy mag op Rooijantjesfontein by dié van Kekewich aansluit.¹⁷ Die Britse strategie het voorts beoog om die strydmagte van De la Rey tussen twee Britse kolonnes vas te keer en te neutraliseer.¹⁸ Die gekoördineerde Britse optrede het behels dat Methuen se kolonne op 2 Maart, onder majoor A Paris van die Royal Marine Artillery, vanaf Vryburg vertrek het en die mag van luitenant-kolonel HM Grenfell in opdrag van Kekewich vanaf Klerksdorp met ongeveer 1 000 man opgeruk het. Beide kolonnes sou na Rooijantjesfontein optrek, waar hulle dan teen ongeveer 7 Maart sou aankom.¹⁹ Beide Britse magte sou hul vleuels so wyd moontlik uitsprei ten einde dit vir De la Rey so moeilik as moontlik te maak om aan die Britse insluiting te ontsnap.²⁰

Bykomend tot die Britse krygstrategie om De la Rey in die Britse vangnet in te sluit, is 'n vergeldingskolonne onder Grenfell, wat toe te Wolmaransstad was, deur Kekewich in 'n noordwestelike rigting gestuur.²¹ Methuen het ook vir kolonel AN Rochford opdrag gegee om die Transvaal vanaf die Oranje-Vrystaat binne te dring deur die Vaalrivier oor te steek en noordwaarts langs Bamboesspruit of die Hartsrivier te beweeg en De la Rey sodoende aan te dryf na die Britse kolonnes wat onderweg na Rooijantjesfontein was.²² Op 2 Maart het Kekewich vir Methuen

15 Guest, p. 112; Creswick p. 185. Amptelike Britse telegramme ontvang deur lord Kitchener bevestig dat Methuen se mag uit 900 berede troepe onder majoor Paris en 300 infanterie vertrek het (*The Daily Graphic*, 11 Maart 1902, p. 10).

16 Amery, p. 502; Creswick, pp. 186, 187; sien Methuen se amptelike verslag van 13 Maart 1902 in Guest, p. 115.

17 Guest, p. 112; Creswick, pp. 186-187. Kekewich se mag het uit 1 300 berede troepe bestaan (*The Daily Graphic*, 11 Maart 1902, p. 10). Kekewich sou 'n afstand van 60 myl moes aflê, terwyl Methuen 'n tog van 95 myl noordwaarts gehad het.

18 Britse Blouboeke Cd. 967. *Report from Lieut.-General Lord Methuen on the action that took place near Tweebosch on 7th March, 1902* (Londen, 1902), p. 4.

19 Creswick, pp. 186-187; Cd. 967, p. 4.

20 Van der Walt, p. 9.

21 F Maurice (samesteller), *History of the war in South Africa 1899-1902* 4 (Londen, 1909), p. 416; Creswick, p. 186.

22 Maurice, p. 416. Sien Methuen se amptelike verslag van 13 Maart 1902 in Guest, p. 115. Kolonel Rochford se mag het uit 1 377 berede troepe, 513 infanterie, vier kanonne (insluitend Maxims) en een masjiengeweer bestaan.

ingelig dat hy 'n kolonne van 1 600 berede man sou stuur, terwyl Rochford berig het dat hy ongeveer 1 000 man beskikbaar sou hê.²³

2.2 Generaal De la Rey se reaksie op die Britse krygsstrategie

Met groot belangstelling het De la Rey die monsterring van vyandelike troepe dopgehou van waar sy kommando's te Doornbult, 30 myl noordwes van Ijzerspruit en tien myl suid van Rooijantjesfontein, gekampeer het.²⁴ Uit ervaring het De la Rey geweet dat die vyand ná die nederlaag te Ijzerspruit alle kragte sou inspan om sy verlies te vergoed.²⁵ Om dié rede het hy doelbewus na Rietvlei gegaan om uit die onmiddellike aantog van die vyand te wees. Terselfdertyd het hy hom op 'n strategiese punt bevind van waar hy 'n volgende aanslag op 'n geïsoleerde Britse kolonne kon maak.

Kort ná die slag te Yjzerspruit is De la Rey deur sy vertroueling en vriend, Nicolaas van Rensburg, die siener, geadviseer om sy strydmagte byeen te roep. Die siener se advies was gebaseer op 'n visioen wat hy kort tevore gehad het waarin hy gesien het dat 'n "skilderbul" (dus 'n gemengde Britse mag) vanaf Vryburg kom. Volgens die siener was die horings van die bul skerp en sy houding trots en fier (dus oormoedig en veglustig). Die siener het bygevoeg dat die horings van die bul te Barberspan "hang".²⁶ Volgens die siener was die betekenis van die visioen dat wanneer die bul by Tweebosch kom, De la Rey die Britse mag sou aanval en 'n walaer neem. Die siener was daarvan oortuig dat dit Methuen se mag was wat die onderspit sou delf. Daar was geen twyfel in die gemoed van De la Rey dat die siener – soos by ander geleenthede – ook hierdie keer reg sou wees nie.²⁷

Die kommando's van De la Rey was ná die slag van Ijzerspruit so goed van ammunisie voorsien dat De la Rey kans gesien het om 'n geveg met die Britse magte aan te knoop.²⁸ Ten einde die sterkte van die Britse mag onder Methuen méér akkuraat te bepaal, stuur hy generaal JA van Zyl in bevel van 'n Boere-kommando agter die kolonne van Methuen aan wat van Vryburg onderweg was.²⁹ Van Zyl se waarneming was dat die osse van die Britse kolonne swak was en dat Methuen gevolglik stadiger moes trek as wat voorsien is.³⁰

23 Cd. 967, p. 3.

24 Sien F Pretorius, *De la Rey. Die leeu van Wes-Transvaal* (Pretoria, 2007), p. 58.

25 Naudé, p. 327.

26 AWG Raath, *Siener van Rensburg en die Rebelle* (Pretoria, 1994), pp. 44-46; Raath, 'n *Stryd vir...*, p. 469. Vir Van der Walt se weergawe van die Siener se rol in die krygsbeplanning van De la Rey, sien Van der Walt, p. 10.

27 Volgens Max Weber het die siener groot invloed op die Boere-krygers uitgeoefen. M Weber, *Eighteen months under General De la Rey* (Pretoria, 1999), p. 185.

28 Van der Walt, p. 9.

29 *Ibid.*

30 *Ibid.*

Methuen se aantog het hom vanaf Vryburg oor Grootpan geneem.³¹ Vanaf Grootpan het Methuen vir Kekewich in kennis gestel dat hy nie op die bestemde tyd te Rooijantjesfontein sou wees nie.³² Vanweë die skaarste aan water het Methuen by Barberspan besluit om sy tog langs die Groot Hartsrivier voort te sit, en later die loop van die Klein Hartsrivier te volg.³³ Methuen is naamlik by Barberspan ingelig dat dit by die plaas Leeuwkuil 95 gereën het en dat daar voldoende water sou wees.³⁴ Op 6 Maart moes Methuen uitvind dat daar onvoldoende water te Leeuwkuil 95 was.³⁵ Hy het gevolglik besluit om na Tweebosch voort te gaan.³⁶

Op 6 Maart het dit ook vir Methuen duidelik geword dat hy deur Van Zyl agtervolg word.³⁷ Deur herhaaldelik Methuen se kolonne aan te val en te retireer, was dit vir Van Zyl moontlik om te bepaal dat hy nie oor voldoende strydkragte beskik om Methuen se mag die stryd aan te sê nie.³⁸ Van Zyl was egter daarvan oortuig dat met verenigde kragte aan Boerekant, die kolonne van Methuen oorweldig sou kon word.³⁹ Van Zyl se aanval op 6 Maart op die agterhoede van Methuen se kolonne het so demoraliserend op die Britte ingewerk dat Methuen genoodsaak was om self in te gryp ten einde die orde in die geledere van sy troepe te herstel.⁴⁰ Methuen se 38th Battery, Royal Field Artillery is teen Van Zyl se mag ingespan, terwyl De la Rey deur middel van sy verkenners oor Methuen se naderende kolonne ingelig is.⁴¹

Die demoraliserende effek wat Van Zyl se aanval op die 6de Maart op die agterhoede van Methuen se kolonne gehad het, is só intens deur De la Rey beleef dat hy – gedagtig aan die siener se mededelings oor die bul se horings wat hang – hardop na die siener geroep het: “Ou Klaas kom kyk! Methuen vra hulp. Sy horings hang!”⁴²

Die aand van 6 Maart het Methuen se kolonne op die plaas Tweebosch 247 aan die Hartsrivier gekampeer nadat hy die Groot Hartsrivier by die aansluiting met die Klein Hartsrivier, op die plaas Leeuwspruit 232, oorgesteek en van Zyl

31 Amery, p. 503. Methuen se tog na Tweebosch-De Klipdrift sou hom oor Grootpan, Barberspan en Leeuwspruit na die aansluiting van die twee Hartsriviere na Tweebosch aan die Klein Hartsrivier neem. Maurice, p. 416.

32 Creswick, p. 186; Amery, p. 503.

33 Creswick, p. 187; Amery, p. 503; Oosthuizen, p. 559. Vir so 'n groot kolonne was dit die veiligste om in die nabyheid van die riviere te bly (sien Van der Walt, p. 10).

34 Cd. 967, p. 4. Dit was op die 5de Maart.

35 Sien Creswick, p. 187; Amery, p. 503.

36 Volgens Methuen was hy daarvan bewus dat Van Zyl se kommando goeie posisies in die bedding van die Klein Hartsrivier ingeneem het (Cd. 967, p. 4).

37 Creswick, p. 187; Amery, p. 503.

38 Van der Walt, p. 9. Celliers se verkenners moes vir De la Rey ook van inligting oor die sterkte van Methuen se mag bedien. Naudé, p. 328.

39 Van der Walt, p. 9.

40 Amery, p. 503; Maurice, p. 417; Van der Walt, p. 9.

41 Raath, *'n Stryd...*, p. 461; Cd. 967, p. 4.

42 Raath, *'n Stryd...*, p. 552.

tydelik afgeskud het.⁴³ De la Rey het onmiddellik planne beraam om Methuen nog dieselfde nag of vroeg die volgende oggend aan te val.⁴⁴ Onder leiding van De la Rey is 'n krygsraad op die plaas Gunsteling, ongeveer ses myl vanaf die kampplek van Methuen, gehou.⁴⁵ Tydens die Boerekrygsraad kon De la Rey berig dat die totale mag tot sy beskikking om die beplande aanval uit te voer uit ongeveer 560 man bestaan. Ten spyte van die Britse oormag is besluit om die volgende oggend (die 7de Maart) die Britse mag aan te val omdat die burgers deeglik met die omgewing vertrouwd was. Generaal Van Zyl het opdrag ontvang om so dig en ongesiens moontlik by die Britse mag te bly. Indien Methuen se kolonne nie verder sou trek nie, moes Van Zyl die Britse kampplek aanval. Die hoof van die spioenkorp, J Lombard, met 45 man, moes die Britse bewegings deeglik dophou en daarvoor rapporteer.⁴⁶ 'n Britse rapport, waarin Methuen aan Kekewich gerapporteer het dat hy teen die Klein Hartsrivier langs sou trek, het in van Zyl se hande geval en derhalwe vir De la Rey in staat gestel om sy aanval op Methuen se kolonne dienooreenkomstig te beplan. Na deeglike oorweging van die moontlikhede van sukses en die beperking van moontlike verliese onder sy burgers, het De la Rey besluit dat 'n verrassingsaanval vroeg die volgende oggend die grootste kans op sukses gehad het. Die burgers moes gereed staan "met die toom van die perd in die arm", tot die eerste skote by Van Zyl se kommando val, wat die teken sou wees dat die aanval begin het.⁴⁷ De la Rey se verkenners het opdrag ontvang om bykans elke halfuur oor die Britse bewegings te rapporteer.⁴⁸

2.3 Die militêre posisie van Methuen voor die aanvang van die slag te Tweebosch-De Klipdrift

Methuen se posisie te Tweebosch vroeg die aand van 6 Maart was om verskeie redes onderhewig aan groot risiko's: eerstens het hy kontak met Grenfell verloor en het hy nie geweet waar Grenfell hom bevind nie. In daardie stadium was Grenfell te Leeuwfontein,⁴⁹ ongeveer 36 myl oos van Rooijantjesfontein; tweedens het Methuen nie geweet waar De la Rey hom bevind nie,⁵⁰ al was hy bewus van die

43 Amery, p. 503.

44 Oosthuizen, p. 562. Sien ook Naudé, p. 328.

45 Weber (p. 223) maak melding van Kaalplaas. Gunsteling lê suid van die plase Klipdrift 188 en Rietdraai 242.

46 Sien Naudé, p. 328.

47 Van der Walt, pp. 14-15. Die burgers het die nag van 6 Maart aan die suidekant van die Klein Hartsrivier gereed gestaan om Methuen in te wag.

48 Van der Walt, pp. 14-15.

49 Leeuwfontein is ongeveer 36 myl oos van Tweebosch, en beide plekke is ongeveer 25 myl vanaf Rooijantjesfontein.

50 De la Rey se mag was gekonsentreer te Doornbult, 30 myl noordwes van die toneel van sy laaste sukses en tien myl suid van Rooijantjesfontein. Vgl. Amery, p. 504.

feit dat Van Zyl by De la Rey aangesluit het; derdens was daar die moontlikheid dat De la Rey hulp van genl. PJ Liebenberg se burgers, wat in die suide agtergelaat is, kon ontvang, sowel as ondersteuning van die kommando's van Lichtenburg, Krugersdorp en Rustenburg onder generaals JG Celliers en JCG Kemp, tesame met Van Zyl se afdeling vanaf Bloemhof en die kanonne wat te Ijzerspruit gebuit is. Die kumulatiewe potensiaal van die risikofaktore waarmee Methuen te kampe gehad het, word soos volg deur Amery beskryf: "If De la Rey had wished to gain the Marico district, he could have done so twice over between February 25 and March 7. If, on the other hand, he chose to fight, he had the power in his central position to fall on either of the two British columns before their junction. There was little room for doubt as to which was the most vulnerable. Grenfell, moving light with 1 500 good mounted men, was just the sort of foe whom, on correct guerilla principles, he persistently avoided. Methuen's nondescript and heavily weighted foe was a prey after his own heart."⁵¹

Teen sonder op 6 Maart het Methuen se mag op Tweebosch naby die woning van burger H Schutte vir die nag kampeer.⁵² Twee roetes het hier uitmekaar gevurk: een oor De Klipdrift,⁵³ wat ongeveer tien kilometer verder langs die Groot Hartsrivier lê; die ander wat langs die Klein Hartsrivier gaan. Langs laasgenoemde roete het De la Rey die aand ongeveer agt kilometer vanaf die Schutte-woonhuis stelling ingeneem in afwagting op Methuen se volgende bewegings.

Die aand van die 6de Maart het Methuen sy bes gedoen om so deeglik as moontlik met die Boere se bewegings op hoogte te bly. In die loop van die nag het hy twee keer rapport van sy intelligensie-offisiere ontvang waaruit hy kon bepaal dat genl. Van Zyl se mag met dié van De la Rey, Kemp, Celliers en andere verenig het en dat die Boere-kommando's gereed was om hom op sy beplande tog na Kekewich voor te staan. Na aanleiding van die intelligensie-verslae wat Methuen ontvang het, het hy besluit om vroeër oor De Klipdrift na die plaas Leeuwkuil 25,⁵⁴ waar hy gehoop het om water te kry, te trek.⁵⁵ Hy het gevolglik bevel gegee dat om twee-uur die oggend van die 7de ingespan moes word.⁵⁶ Vanweë die deeglike verkenning deur genl. Van Zyl se spioene, kon hulle hoor hoe die waens in die Britse kamp ingespan en reggetrek word in die pad wat na De Klipdrift loop. Die

51 Amery, p. 504. Oor die onervarenheid van die eenhede in die kolonne verklaar A Conan Doyle (*The great Boer War*, Alberton, 1999, p. 722): "Such a collection of samples would be more in place, one would imagine, in a London procession than in an operation which called for discipline and cohesion."

52 Die plaas Tweebosch 247. Die woning is net noord van die Klein Hartsrivier.

53 Die plaas De Klipdrift 235.

54 Ongeveer 13 myl noordwes van Tweebosch.

55 Maurice, p. 417.

56 Volgens Guest, p. 112, het die os-konvooi met geleide om 3:00 uit die Britse kamp in die rigting van Rooijantjesfontein vertrek.

ossewa-konvooi het om ongeveer 3:00 die oggend vertrek.⁵⁷ De la Rey is gevolglik ingelig dat die kolonne van Methuen nie meer langs die oorspronklike roete na die Boere sou kom nie, maar dat De la Rey se burgers moes uittrek om die Britse kolonne te ontmoet.⁵⁸ Ongeveer ’n uur voor dagbreek, dus om vieruur die oggend, het Methuen die karre, trollies en perderuiters agter die ossewaens en voetgangers laat trek.⁵⁹

2.4 Die implementering van De la Rey se krygstaktiek te Tweebosch-De Klipdrift

2.4.1 Die eerste fase van die slag

De la Rey se eerste doelwit was dat Van Zyl die aanval op Methuen se agterhoede moes begin wanneer laasgenoemde se kolonne op dreef was.⁶⁰ Van Zyl moes met 80 tot 100 man die Britse kolonne aan die linkerflank aanval en tot stilstand bring. De la Rey sou met ongeveer 250 Potchefstromers die Britte in die rug aanval. Celliers met ongeveer 250 burgers en Kemp met 100 manskappe moes die Britte op die regterflank bestorm.⁶¹ Liebenberg moes vanuit die suide ’n oog oor sake hou.⁶²

Die Britse leërafdeling het uit ’n voorhoede en agterhoede van perderuiters bestaan en tussen hulle ’n groot aantal waens, met die flanke van die kolonne swak beskerm.⁶³ De la Rey het doelbewus die voorhoede vermy sodat die Britte die moontlikheid van vlug kon benut indien die Boere se aanval sou slaag.⁶⁴ Teen vieruur die oggend van 7 Maart was Methuen se mag – ossewaens en muilwaens, kanonne en Maxims, asook 600 voetvolk en 900 perderuiters – in ’n lang lyn oor die effense bulterige veld aan die trek.⁶⁵

57 Maurice, p. 417; Amery, p. 504.

58 Van der Walt, p. 17. Sien ook SI Mocke, *Die leeu van Wes-Transvaal* (Pretoria, 2002), pp. 163, 164, vir die verkenningwerk van Van Zyl wat inligting ingewin het oor die veranderde roete van Methuen se kolonne.

59 Van der Walt, p. 17. Sien ook Conan Doyle, p. 723.

60 Die agterhoede, bestaande oorwegend uit Dennison’s Scouts, ’n afdeling gekleurdes, het kort agter die waens getrek. Vgl. Guest, p. 112.

61 K von Rennenkampf, “De vechtwijze der Boeren in het westen van Transvaal” (oorgeneem uit die *St. Pietersburg Zeitung*) (koerantknipsels van artikelreeks I-III), ongedateer en ongepagineerd, deel III.

62 Oosthuizen, p. 562.

63 Vir die orde van die kolonne en Methuen se motivering vir die samestelling daarvan, sien Cd. 967, p. 5.

64 Von Rennenkampf, 3, p. 3. Van Zyl sou tussen die Groot Hartsrivier en die kolonne beweeg, Kemp aan die regterkant van die kolonne op die plaas Palmietkuil 164 en Celliers noord van hom op die grens van Palmietkuil 164, Leeuwkuil 95 en De Klipdrift 235.

65 Methuen se hoofmag met die muil-konvooi het ’n uur ná die os-konvooi vertrek. Sien Guest, p. 112.

Methuen se tog langs die Groot Hartsrivier sou hom, met die oog op watervoorsiening vir sy diere en troepe, neem na Leeuwkuil 25, 'n plaas 13 myl noordoos van Tweebosch.⁶⁶ Sy kolonne het in twee afdelings beweeg: die eerste konvooi wat vertrek het, was die wa-seksie met Methuen en kaptein Geoghegan in beheer, die Kaapse Polisie wat belas was met die verdediging van die 86ste Berede Mag, asook die voettoepe, twee kanonne van die 4de Battery en die Royal Field Artillery Pom-pom. 'n Uur nadat die eerste afdeling vertrek het, het die muiltrollies en waens onder bevel van Paris in beweging gekom, saam met die Cape Specials, die Ashburners Horse en een Diamond Fields Pom-pom in die voorhoede, terwyl die Denison's Scouts en die Diamond Fields Horse die agterhoede gevorm het.⁶⁷

Kort na vyfuur die oggend van 7 Maart het die voorhoede van Methuen se mag reeds by De Klipdrift aan die Groot Hartsrivier aangekom. In die skemerdonker is Methuen se mag onopgemerk deur De la Rey gevolg. Die feit dat De la Rey nie sy teenwoordigheid verrai het nie, het vir die saamgeflanse kolonne van Methuen ongetwyfeld rampspoed ingehou: "Darkness ... is better cover for an enemy. ... (T) he column had marched for two hours before the streak of dawn. During that time the force was being shadowed as a file of coolies is followed by the Indian tiger, by the most formidable depredator in all the theatre of war. Close behind the rear-most screen, invisible and noiseless rode De la Rey and nearly 2000 men ..."⁶⁸

Skaars het die Britse agterhoede 'n lae bult bereik, toe die Boere-kommando's heftig op Methuen se agterhoede losbrand.⁶⁹ Die Britse reaksie was om die 5th Yeomanry as versterking na die agterhoede te stuur, maar hulle is gedwing om terug te val, asook om die kanonne van die 38ste battery en die Diamond Fields Pom-pom ter verdediging in aksie te bring.⁷⁰ Teen 5:30 was die osse-konvooi reeds ongeveer 'n myl voor die muil-konvooi en is die voorste afdeling deur Methuen tot stilstand geroep.⁷¹ Die wadrywers het onder die waens skuiling gesoek.⁷² In dié stadium van die geveg het die uitgerekte konvooi tot stilstand gekom.⁷³ In die halfdonker was dit vir

66 Die Groot Hartsrivier sny deur die plaas Leeuwkuil 25.

67 Amery, p. 504. Sien ook Maurice, p. 417.

68 Maurice, p. 418. Volgens Weber (p. 231) was die totale mag van De la Rey ongeveer 800 burgers sterk. Fransjohan Pretorius (p. 58) stel die getal op 750 burgers van die Lichtenburg-, Krugersdorp- en Rustenburg-kommando's onder generaals JG Celliers en JCG Kemp, en 'n afdeling Bloemhoffers onder generaal J van Zyl, asook die twee kanonne en Pom-poms wat by die slag te Ijzerspruit gebuit is.

69 Creswick, p. 187. Sien ook Guest, p. 112. Anders as by Ijzerspruit het De la Rey eers die agterhoede aangeval en daarna die flank: "De la Rey first pounced on the rearguard, then half an hour later he attacked on the flank". Meintjes, p. 235.

70 Oosthuizen, p. 562; Amery, p. 504. Die Boere-aanval op die Britse agterhoede het bykans op die grens van die plase Tweebosch 247, Ruigtevlei 243 en Palmietkuil 164 plaasgevind.

71 Amery, p. 504.

72 *Ibid.*, p. 505.

73 Vanweë die wanorde in die geleedere van die wa-drywers kon Methuen nie die os-konvooi in beweging kry nie. Maurice, p. 419.

die aanstormende Boere moeilik om die vyandelike mag duidelik te onderskei, terwyl die Britse voetsoldate 'n skerp vuur op die waaghalsige Boere gehandhaaf het.⁷⁴

2.4.2 Die tweede fase van die slag

Teen ongeveer sesuur het die tweede fase van die slag 'n aanvang geneem met De la Rey se verskerpte aanval op die Britse regterflank en regteragterhoede, voordat die twee afdelings van Methuen se mag by mekaar kon aansluit.⁷⁵ De la Rey se burgers kon daarin slaag om aan die Britse regterflank tot naby die vyand te beweeg omdat die Britte se dissipline en organisasie in duie gestort het.⁷⁶ Methuen het onverwyld beveel dat die agterhoede deur Ashburner's Horse en Cullinan's Horse versterk moes word en dat 'n deel van die Kaapse Polisie uit die voorhoede na die regterflank moes beweeg.⁷⁷ Die 43ste Kompanjie en elemente van die 5de Bataljon Beredemag het 'n beskermende huls rondom die muil-konvooi gevorm, terwyl die voettroep agter miershope langs die ossewa-konvooi stelling ingeneem het. Ook die kanonne van die 4de Battery en die RFA Pom-pom is in aksie gebring.⁷⁸

2.4.3 Die derde fase van die slag

Onderwyl die Britse verdedigers hul agterhoede beskerm en gepoog het om meer beskerming op die regterflank op te werp, het De la Rey se kommando's met besondere moed en vreesloosheid in uitgespreide orde op die bult verskyn.⁷⁹ Ten spyte van die vyandelike kleingeweervuur en die vyandelike bomme van beide artillerie-batterye, het De la Rey se burgers op die konvooi afgestorm, van die perde afgespring en hul vuur op die halwe sirkel van die Britse verdedigingslinie gerig.⁸⁰ De la Rey het drie opeenvolgende aanvalslinies teen die Britse verdediging uitgestuur. Voordat Paris die 43ste Beredemag na die agterhoede kon stuur, het De la Rey die bevel vir 'n vierde direkte ruitersstormloop gegee. Die berede burgers het deur die vyandelike voetvolk gejaag en op die Britse ruitermag gevuur.⁸¹

74 Oosthuizen, p. 564. Britse troepe wat agter die walle van die Klein Hartsrivier geskuil het, het die Boere aanhoudend skerp aangeval. De la Rey het probeer om 'n wig tussen die Britse kavallerie en die voetsoldate in te dryf (Weber, p. 226).

75 Amery, p. 505. Intussen het die muilwa-konvooi tot naby die os-konvooi – wat beveel is om te halt – beweeg en die Britse infanterie is ontplooi (Guest, p. 113).

76 Sien Meintjes, p. 235.

77 Sien Cd. 967, p. 6.

78 Amery, p. 505.

79 Op die plaas Palmietkuil 164.

80 Amery, p. 505 en Guest, p. 113.

81 Amery, p. 505. Die Boere-aanval op die regterkantse flank van die Britse agterhoede het geleidelik verskuif omdat die grootste groep berede Britse troepe na links beweeg het. Die muil-konvooi het as gevolg van die hewige Boere-vuur op loop gegaan en in 'n warboel verby die os-konvooi beweeg en is ongeveer twee of drie myl verder in besit geneem. Guest, p. 113.

De la Rey se vierde aanvalslinie het 'n algemene vlug onder die Britse agterhoede veroorsaak. Die Britse pogings om orde te herstel is sodanig aan bande gelê dat die berede mag in die proses ook grootliks lamgelê is. De la Rey se finale ruiteraanval het om ongeveer half-sewe plaasgevind.⁸² Volgens die beskrywing van die Britse skrywer, Amery, was daar geen hoop op herstel van orde in Britse geledere nie: “A rout ensued, shameful in a sense, natural enough if we consider the character and training of the medley of troops concerned. Nearly all the Colonials broke and fled.”⁸³

Die Britse voettoepe wat aan die artillerie-afdeling van Nesham, die 38ste Battery en die Diamond Fields Pom-pom beskerming moes bied, het feitlik in duie gestort. Spoedig daarna het die laaste van die Britse kanonniërs, Nesham, ook gesneuwel. Tydens die ruitersstormloop is genl. Kemp se perd doodgeskiet en is sy been teen die grond vasgepen.⁸⁴ 'n Burger van genl. Celliers se kommando het net betyds 'n Brit wat op Kemp aangelê het, platgeskiet.⁸⁵ Generaal De la Rey het ook 'n noue ontkoming gehad toe sy perd, Bokkie, bykans teen die Britse ruiters vasgesteek het. Hierdie groep vluggende Engelse is spoedig daarna tot oorgawe gebring.⁸⁶

Die gemotiveerde burgers het meedoënloos hul aanval teen die Britse berede mag voortgesit, die mulwa-konvooi in besit geneem en die ossewa-konvooi stormgejaag.⁸⁷ Die Boere-stormloop deur die konvooi het tot gevolg gehad dat minstens 140 van De la Rey se perde doodgeskiet of gewond is. Die Pom-pom van Geoghegan is omsingel en ook Venning het by sy kanonne gesterf. Methuen se skimmelperd is doodgeskiet en hyself is swaar in die been gewond. Hy het naby die kanonne van Geoghegan en Venning op die grond gelê.⁸⁸ Majoor Paris se laaste heldhaftige poging om ongeveer 'n myl verder stelling in 'n kraal in te neem, is gefnuik toe genl. Celliers met die buitgemaakte Britse kanonne van Ijzerspruit, Paris se ongeveer 40 man na bykans twee ure tot oorgawe gedwing het.⁸⁹

82 Sien Methuen se amptelike verslag in Cd. 967, p. 6. Die Britse wa-laer en kanonne is deur die Boere naby die grens van die plase Leeuwkuil 95 en De Klipdrift 235 afgeneem; op De Klipdrift is Methuen as gewonde gevangene geneem, en die Britse kar-laer is in die drif op De Klipdrift 235 deur die Boere verower.

83 Amery, p. 506. Die vlug van die berede Britse troepe het die Britse artillerie aan akkurate Boerevuur oor 'n kort afstand blootgestel (Guest, p. 113). Die troepe het vanaf De Klipdrift 235, oor die plase Tochgevoonden 27 en Kameelboom 209 na Taaiboschpan, noord van die Groot Hartsrivier, gevlug.

84 Op die plaas Kameelboombult tydens die agtervolging van die vluggende Britse troepe.

85 Naudé, p. 330.

86 *Ibid.*

87 Die Boere het geleidelik beide flanke omvleuel en hewige vuur op die Britte volgehou, terwyl hulle geleidelik nader beweeg het (Guest, p. 113).

88 Amery, p. 507.

89 Creswick, p. 188; Amery, p. 507; Maurice, p. 420.

2.4.4 Die afloop van die slag

Om ongeveer tienuur was die slagveld die sombere getuieis van die Britse terugslag.⁹⁰ Oral het dooie en gewonde Britte gelê. Die Britse verliese was ongeveer 300 gesneuweldes en gewondes,⁹¹ 872 krygsgevangenes, vier 15-ponder Armstrong-kanonne, twee bom-maxims met ammunisie vir al die kanonne, baie Lee Metford-ammunisie, 120 waens en karre, muile en 500 perde.⁹²

Aan Boerekant het nege gesneuwel, waaronder P Brill en veldkornet Erasmus van Vryburg, een van De la Rey se adjudante en daar was drie swaar en 23 lig gewonde burgers. Generaal Celliers het die dooies en gesneuweldes versorg en die Britse ambulans met die nodige voorrade agtergelaat. Ook die gesneuweldes aan Boerekant is teen die aand begrawe. De la Rey het sy laer verskuif, die buit onder die generaals verdeel en aan elke offisier 'n perd as geskenk gegee.

Die gevolge van De la Rey se suksesse te Ijzerspruit en Tweebosch-De Klipdrift was verreikend: sy kommando's was goed voorsien van ryperde en ammunisie. Wolmaransstad is deur die Britse verdedigers ontruim en die Britse verskansings verwyder, terwyl Lichtenburg in gevaar verkeer het om deur De la Rey geïsoleer en ingeneem te word. Hoewel nie groot strategiese winste deur die taktiese suksesse van De la Rey behaal is nie, was dit duidelik dat die Boere se gevegsmoraal in die Wes-Transvaal die moontlikheid ingehou het dat die oorlog nog vir etlike maande voortgesit sou kon word.

Op 'n persoonlike vlak het die uitslag van die slag van Tweebosch-De Klipdrift vir Kitchener 'n verlies van aansien tot gevolg gehad as gevolg van die grootste militêre ramp wat in twee jaar die Britse magte getref het, ten spyte van sy verwagtinge dat die oorlog besig was om ten einde te loop. Hy het 'n ineenstorting beleef, homself in sy slaapkamer toegesluit en vir twee dae geweier om iemand te sien of iets te eet.⁹³

90 Sien Methuen se amptelike verslag by Cd. 967, p. 6.

91 Conan Doyle, p. 725, noem 'n getal van 68 gesneuwel en 121 gewond.

92 Oosthuizen, p. 568. Sien Maurice, p. 420 oor die totale ineenstorting van Methuen se mag: "Thus, after five hours from its first surprise, Lord Methuen's column was completely destroyed. Three-quarters of the personnel were killed, wounded or taken prisoner."

93 T Pakenham, *The Boer War* (Johannesburg, 1982), p. 549. Sien ook Meintjes, p. 237, vir die effek van die Britse terugslag te Tweebosch-De Klipdrift op die Britse politieke en gevegsmoraal.

3. 'N KRYGSTREOTIESE EVALUERING VAN DIE OPTREDE VAN GENERAAL DE LA REY TER VOORBEREIDING VAN DIE SLAG TE TWEEBOSCH-DE KLIPDRIFT

3.1 Faktore bepalend vir die kritiese evaluering van militêre optrede in oorlogvoering

In sy werk *Generaal CR de Wet as veldheer*, maak Leopold Scholtz gebruik van die befaamde Britse generaal BL Montgomery se *A history of warfare* vir die identifisering van sewe faktore wat as die “essensie van taktiese metodes in oorlogvoering” gebruik kan word.⁹⁴ Daarbenewens onderneem Scholtz ook 'n kritiese ontleding van die strategiese en operasionele fasette van De Wet se krygsoptrede.⁹⁵ Die faktore wat Scholtz met die oog op 'n kritiese beoordeling van die militêre optrede van generaal CR de Wet tydens die Anglo-Boereoorlog aanlê, is: verrassing, konsentrasie, samewerking van alle wapens, beheer, eenvoud, snelheid van optrede en inisiatief.⁹⁶ Die faktore wat Montgomery aanwend, is kennelik 'n verkorte weergawe van die faktore wat deur die Pruisiese militêre teoretikus, Carl von Clausewitz (1780-1831), geformuleer en ontwikkel is. Bykomend tot Montgomery se sewe faktore, maak Von Clausewitz ook voorsiening vir snelheid van beweging en doelgerigtheid in optrede.

Die krygstreotikus, Von Clausewitz, se nege beginsels van suksesvolle oorlogvoering, sou soos volg gesintetiseer kon word: konsentrasie van mag, die verbintenis tot 'n sentrale (oftewel kern-) doelwit, die neem van inisiatief, beweeglikheid, eenheid van bevel, sekuriteit (oftewel intelligensie), eenvoud in beplanning, verrassing en doeltreffende (oftewel ekonomiese) aanwending van mag.

Anders as militêre teoretici voor hom, het die Switserse skrywer Antoine Henri (Baron) De Jomini (1779-1869) die klem vanaf militêre taktiek na strategie verplaas.⁹⁷ Volgens De Jomini is dit moontlik om militêre strategie tot universele beginsels te herlei, terwyl taktiek moeilik is om te bepaal omdat dit aan voortdurende veranderinge onderhewig is.⁹⁸ Derhalwe voer De Jomini aan dat, hoewel dit moontlik is om taktiek teoreties aan die hand van reëls en beginsels te bestudeer, dit slegs strategie is wat deur universele wette, soortgelyk aan dié van die positiewe wetenskappe, bepaal word.⁹⁹

94 L. Scholtz, *Generaal C.R. de Wet as veldheer* (Pretoria, 2003), pp. 333-334.

95 *Ibid.*, pp. 337-351.

96 *Ibid.*, pp. 335-336.

97 A. Gat, *The origins of military thought* (Oxford, 1991), p. 113.

98 *Ibid.*

99 *Ibid.*, p. 114.

'n Nadere ontleding van die krygsbeginsels deur Sun Tzu, Von Clausewitz en De Jomini beskryf, bring aan die lig dat ten spyte van klemverskille, daar 'n verbasende mate van ooreenstemming betreffende die essensie van beginsels en reëls wat suksesvolle oorlogvoering beheers, bestaan. Dit beteken egter nie dat dié skrywers oor die gewig en toepassing van al die beginsels saamstem nie.

3.2 'n Evaluering van die militêr-strategiese optrede van generaal JH de la Rey met die oog op die slag te Tweebosch-De Klipdrift

Die onderskeid tussen strategie en taktiek neig om by militêre teoretici soos Von Clausewitz te vervaag.¹⁰⁰ Wat militêre optrede betref, onderskei Von Clausewitz tussen enersyds die voorbereidings vir oorlog en andersyds oorlogvoering as sodanig. By die evaluering van spesifieke krygsoptrede is Von Clausewitz egter geneig om dié onderskeid uit die oog te verloor. Ten opsigte van die onderskeid tussen strategie en taktiek, is die benadering van EM Earle vir doeleindes van hierdie evaluering voldoende: strategie het betrekking op oorlog, voorbereiding vir oorlog en die voer van oorlog. In die eng sin van die woord is strategie die kuns van militêre bevel en die projektering en bestuur van militêre kampanjes. Daarenteen behels taktiek die kuns van die hantering van militêre magte in gevegte wat dit verskillend van strategie maak in die mate wat 'n orkes (strategie) verskil van die individuele instrumente (taktiek) wat die orkes se optrede bepaal.¹⁰¹

Van Rensburg skryf dat sedert die laaste helfte van 1900 De la Rey en sy burgers letterlik 'n nuwe oorlog in die krygsgebied van die destydse Wes-Transvaal begin het: afgesonderde Britse troepe-eenhede, wat voortdurend onder die oë van De la Rey se verkenners was, is opgesoek en die oomblik dat hulle dit allermins ver wag het, is blitssnel stormgejaag en aangeval.¹⁰²

Die Britse strategie in Wes-Transvaal het toenemend daarop gefokus om die beweeglikheid van De la Rey se kommando's aan bande te lê. Vir dié doel is blokhuislinies oor die Wes-Transvaalse krygsgebied ontplooi.¹⁰³ Teen die begin van 1902 is ook begin met die oprigting van blokhuisse in die omgewing van Wolmaransstad.¹⁰⁴ Die toenemende inperking van die beweeglikheid van De la Rey se kommando's en die vlugtende laers wat in die Wolmaransstad-omgewing rondbeweeg het, het De la Rey daartoe beweeg om bepaalde leemtes in die Britse militêre optrede vir sy doeleindes aan te wend.¹⁰⁵

100 MI Handel, *Masters of war* (Londen en Portland OR, 1996), p. 381.

101 EM Earle, *Makers of modern strategy* (Princeton, 1952), p. viii.

102 Van Rensburg, p. 5.

103 Raath, 'n *Stryd...*, p. 455.

104 *Ibid.* In Februarie van dié jaar is 'n begin gemaak met die blokhuislyn vanaf Klerksdorp oor Lichtenburg na Mafeking; die blokhuislyn vanaf Mamagothla na Mooirivier en vanaf Mamagothla oor Tafelkop na Ventersdorp en Klerksdorp was reeds voltooi (Oosthuizen, p. 544).

105 Raath, 'n *Stryd...*, p. 459.

3.3 'n Kritiese beoordeling van die militêr-taktiese optrede van generaal De la Rey tydens die slag van Tweebosch-De Klipdrift

3.3.1 Snelheid en die monsterring van mag

Vanaf die vroegste tye is beweeglikheid en die snelheid waarmee militêre bewegings uitgevoer word, as van deurslaggewende belang beskou. Sun Tzu beklemtoon reeds die snelheid van maneuvres: “Let your rapidity be that of the wind, your compactness that of the forest.”¹⁰⁶ Hy voeg by: “Let your plans be dark and impenetrable as night and when you move, fall like a thunderbolt.”¹⁰⁷

Met die oog op die vinnigste en mees effektiewe optrede om die vyand 'n terugslag toe te dien, stel Von Clausewitz dit as 'n wesenlike vereiste vir sukses dat gekonsentreerde militêre vermoë vinnig aangewend moet word.¹⁰⁸ Onnodige tydverkwisting behoort vermy te word en die voordeel van verrassing wat uit vinnige optrede spruit, behoort benut te word. Dit is gevolglik vir Von Clausewitz belangrik dat die sterkste moontlike konsentrasie van militêre vermoë op die beslissende punte van konflik aangewend moet word.¹⁰⁹ Ten einde die vereiste krag by die beslissende punte te monster, is die sterkte van 'n leër en die vaardigheid waarmee dié sterkte ontplooi word, beslissende faktore.¹¹⁰

Sun Tzu voeg die element van verskuiling (of verberging) van eie militêre vermoë by dié van vinnige militêre optrede en konsentrasie van mag op 'n geïdentifiseerde teiken van die vyandelike mag, met die gevolglike konsentrasie van aanval op 'n geïsoleerde deel van die vyandelike mag ten einde 'n militêre oorwig op so 'n spesifieke teiken te bewerkstellig.¹¹¹ Die verberging van die punt van aanval het tot gevolg dat die vyand nie seker is waar die konsentrasie van mag sal plaasvind nie.¹¹²

De la Rey se aanwending van sy volle mag met die grootste moontlike snelheid, vind sy verfyning in die eerste helfte van 1902 tydens die veldslae van Ijzerspruit en Tweebosch-De Klipdrift. Die tegniek, wat beskryf sou kon word as skiet-uit-die saal, word 'n verfynde tegniek waarmee die grootste moontlike mag die snelste by die beslissende krygpunte besorg word. Die tegniek bestaan daaruit dat

106 Sun Tzu, “The art of war”, in TR Phillips (red.), *Roots of strategy* 1 (Mechanicsburg, 1985), p. 38.

107 Sun Tzu, p. 39.

108 “The first and most important rule to observe in order to accomplish these purposes, is to use our entire forces with the utmost energy.” C Von Clausewitz, “Principles of war”, in HW Gatschke (red.), *Roots of strategy* 2 (Mechanicsburg, 1987), p. 350.

109 C Von Clausewitz, *On war* (Princeton, 1984), p. 197. Sien ook Handel, pp. 157-159. Von Clausewitz, 1984, pp. 194-195 stel dit as die belangrikste bepalende faktor vir die uitslag van 'n geveg.

110 Von Clausewitz, 1984, p. 195.

111 Handel, p. 159: “By discovering the enemy’s dispositions and remaining invisible ourselves, we can keep our forces concentrated while the enemy must be divided.”

112 Sun Tzu, p. 35.

aanvalle met so 'n verbysterende spoed uitgevoer word dat die vyand onder skoot is voordat hy kan ontplooi, terwyl 'n moordende ruitervuur op die dig-saamdringende massas gehandhaaf word. Ten einde die maksimum effek te bewerkstellig, beplan De la Rey, sy veggeneraals en kommandante hul aanvalle op so 'n wyse dat die vyand by voorkeur in die flank getref word, deur lang rye stormende ruiters teen die lang flanke van die vyand, wat in marsorde beweeg, aan te wend. De la Rey se ruiteraanval tydens die slag van Tweebosch-De Klipdrift is uitgevoer nadat hy sy aanvalsmag in deinende veld in 'n laagte (agter 'n lang rant) opgestel het, parallel met die marsjerende vyand, magasynne vol en gereed om te storm. Die skouspel van honderde ruiters wat op jaaggalop aangestorm kom, al skietende, ontsenu enige opposisie. Vir die Britse soldate in die kolonne was daar min tyd om stelling in te neem of skuiling te soek.¹¹³

3.3.2 *Nastrewing van doelwit*

Met die oog op suksesvolle krygsvoering behoort militêre leiers altyd 'n sentrale objektiewe doelwit na te streef en subjektiewe voorkeure, byvoorbeeld die genot wat militêre optrede te velde bied, en eiebelang in krygsvoering, te vermy.¹¹⁴

Von Clausewitz beklemtoon die duidelike identifisering van 'n sentrale doelwit, byvoorbeeld die uitwissing van 'n vyandelike kolonne, asook die aanwending van alle beskikbare mag om die gestelde doelwit te bereik: "(W)e must pursue this goal with the greatest energy and with the last ounce of our strength."¹¹⁵ Elders formuleer hy dit soos volg: "Pursue one great decisive aim with force and determination."¹¹⁶

3.3.3 *Offensiewe optrede en die behoud van inisiatief*

De Jomini stel dit as 'n basiese beginsel van suksesvolle krygsvoering dat die militêre mag wat die inisiatief neem die grootste potensiaal het om sy troepe te mobiliseer en slag te lewer waar die aanvoerder dit die voordeligste ag;¹¹⁷ andersyds het defensiewe optrede van 'n krygsmag en afwagting van die vyand dikwels tot gevolg dat die betrokke krygsmag onverhoeds betrap word en hy sy optrede volgens dié van die vyand moet skik.¹¹⁸ 'n Krygsaanvoerder wat 'n goed-gekose posisie

113 Sien CJS Strydom, *Ruitervuur dramatiese hoogtepunte van die Boere-Oorlog* (Kaapstad, 1970), p. 148.

114 "No ruler should put troops into the field merely to gratify his own spleen; no general should fight a battle simply out of pique" (Sun Tzu, p. 59).

115 Von Clausewitz, 1987, p. 322. In sy werk oor die beginsels van oorlogvoering verklaar Von Clausewitz: "Having set a high goal, we must pursue this goal with the greatest energy and with the last ounce of our strength", 1987, p. 322.

116 Von Clausewitz, 1987, p. 323.

117 De Jomini, 1862, p. 184.

118 *Ibid.*

inneem, het die voordeel dat die vyandelike aanmars deeglik bespied kan word, en dat sy strydkragte, opgestel in afwagting van die vyand, die potensiaal het om die vyand swaar verliese toe te dien. Dus is dit noodsaaklik dat 'n krygsaanvoerder wat genoodsaak is om defensief op te tree, gereed moet wees om, wanneer die geskikte geleentheid opduik, tot offensiewe optrede oor te gaan.¹¹⁹

Een van De la Rey se sterkste eienskappe was sy vermoë en bereidwilligheid tot offensiewe optrede. De la Rey se offensiewe optrede spoor mettertyd sy offisiere ook tot aanvallende krygsoptriede aan. Sedert die Britse neerlaag te Magersfontein, as gevolg van De la Rey se geniale aanwending van loopgraaflynies, verander die Britse aanvalsinisiatiewe vanaf frontaanvalle tot omvleuelingstegnieke. De la Rey se krygsmetodes verander ook dienooreenkomstig deur die ontwikkeling van mobiele ruiter-stormlope op die Britse magte.¹²⁰ Tweebosch-De Klipdrift kan as die kulminasie van De la Rey se ontwikkelde ruiter-krygvoering en sy offensiewe strategie op bewegende Britse kolonnes beskou word.

3.3.4 Maneuvrering

Volgens Von Clausewitz behels maneuvrering die maak van taktiese bewegings ten einde 'n voordelige posisie bo dié van die vyand te bekom.¹²¹ As sodanig is maneuvrering dus 'n belangrike middel om 'n aanvoerder in staat te stel om gunstiger posisies te bekom. De Jomini beskryf maneuvrering as strategiese bewegings deur die konsentrasie van militêre mag op beslissende punte tydens 'n oorlog sonder om die eie posisie te benadeel. Hy stel die volgende faktore as belangrike oorwegings tydens militêre maneuvres: die akkurate bepaling van afstand; die voorkoming van blootstelling van enige deel van militêre strydkragte aan gevaarlike aanvalle deur die vyand; die vermoë om defensiewe optrede in offensiewe krygshandelinge te omskep; die gelyktydige (gekoördineerde) optrede van alle strydkragte ten einde die beslissende nekslag toe te dien en die vermoë om strydkragte te motiveer en hulle op beslissende oomblikke tot aksie aan te spoor.¹²²

Die snelheid waarmee De la Rey die Britse konvooi aangeval het en die verspreide orde waarmee sy burgers die aanval op die flanke van die kolonne geloods het, het die Britse mag onkant betrap. Derhalwe was dit nie vir De la Rey nodig om grootskaalse maneuvres uit te voer ten einde 'n taktiese voordeel te behaal nie. Die felheid van die Britse verdediging en die feit dat hulle agter die rivierwalle en miershope skuiling gevind het, het dit vir De la Rey noodsaaklik gemaak om die

119 *Ibid.*, p. 185.

120 Von Rennenkampf 3.

121 Von Clausewitz merk in sy werk oor die beginsels van oorlogvoering (1987, p. 328) soos volg op: "We should choose as object of our offensive that section of the enemy's army whose defeat will give us decisive advantages."

122 De Jomini, 1862, p. 334.

regte oomblik te bepaal waarop die flankaanvalle uitgevoer moes word. De la Rey se beperkte manewering was suksesvol.

3.3.5 Eenheid van bevel

Die beheer wat 'n krygsaanvoerder oor sy troepe het, is van deurslaggewende belang. Meer nog: Die beheer van strydkragte deur 'n krygsaanvoerder is bepalend vir sukses in die stryd. Napoleon slaan die beginsel van eenheid van bevel baie hoog aan: “Nothing is more important in war than unity in command. When, therefore, you are carrying on hostilities against a single power only, you should have but one army acting on one line and led by one commander.”¹²³ Napoleon gaan sover om selfs die byeenroep van krygsrade te veroordeel en die enkele beslissingsmag van die aanvoerder te aanvaar.¹²⁴

De la Rey het die beginsel gehandhaaf dat elk van sy generaals afsonderlike verantwoordelikheid vir hul optrede aanvaar en as sodanig redelik onafhanklik optree. Die gevolg was dat heelparty van die ondergeskikte generaals van De la Rey besondere hoogtes op militêre terrein bereik het. Wanneer dit egter nodig was om gesamentlike optrede te loods, soos byvoorbeeld by Ijzerspruit en Tweebosch-De Klipdrift die geval was, het De la Rey as opperbevelhebber opgetree. Hoewel dit nie by Tweebosch-De Klipdrift gebeur het nie, het versplinterde bevel-strukture onder De la Rey se krygsleiding soms na vore gekom. By Ijzerspruit het die vertraging van generaal Celliers byvoorbeeld tot gevolg gehad dat die Boere-optrede byna in 'n neerlaag geëindig het.

Tydens die slag te Tweebosch-De Klipdrift het De la Rey veel sterker die eenheid van bevel gehandhaaf deur sy burgers op 15 treë afstand van mekaar op te stel ten einde ongevalle aan Boerekant te verminder en agter die linie stelling in te neem om wanorde onder die Boere te verhoed.¹²⁵ Sy fisiese teenwoordigheid by sy burgers het De la Rey in staat gestel om die verloop van die slag effektief te dikteer.

3.3.6 Intelligensie

Die suksesvolle uitvoering van krygsoperasies berus grootliks op die inligting wat oor die vyand se getalsterkte en bewegings ingewin kan word. Die inligting wat

123 Napoleon Bonaparte, “Military Maxims” in TR Philips (red.), *Roots of strategy* 1, p. 427.

124 “True wisdom, so far as a general is concerned, consists in energetic determination” en “There are certain things in war of which the commander alone comprehends the importance. Nothing but his superior firmness and ability can subdue and surmount all difficulties” (Napoleon, p. 427). Vir Napoleon se standpunt dat eenheid van bevel so belangrik is dat een swak generaal beter as twee goeie generaals funksioneer, sien JG Lockhart, *Life of Napoleon Bonaparte* (Edinburgh, s.a.), p. 29.

125 Von Rennenkampf 3.

vir die voer van krygsoperasies nodig is, sluit alle bronne en vorme van inligting in. Von Clausewitz beskryf intelligensie as enige soort inligting oor die vyand en die omgewing wat op die krygsoperasies betrekking het.¹²⁶ Hy ag die klem op die beginsel van intelligensie oordrewe vanweë die feit dat intelligensieverslae in oorlogtyd dikwels teenstrydig is en vals inligting bevat, en dat die meeste daarvan in elk geval onseker is.¹²⁷ Hy ag die gesonde oordeel van 'n krygsaanvoerder van groter waarde as die inhoud van intelligensieverslae.¹²⁸

De la Rey se oorwinning oor die Britse magte van Methuen te Tweebosch-De Klipdrift was grootliks te danke aan sy intelligensie en die spioenkorp onder bevel van generaal Van Zyl. Die Boere-spioene onder J Lombard kon daarin slaag om binne hoorafstand van die Britse kamp te opereer en De la Rey deurlopend van inligting oor die Britse vertrektye en bewegings te bedien. Aangesien De la Rey die aand van 6 Maart nie vinnig genoeg rapporte oor die bewegings in Methuen se kamp ontvang het nie, het hy bykomende spioene uitgestuur om hom van inligting te bedien.¹²⁹ Selfs nadat Methuen besluit het om sy roete van aanmars te verander en om vroeër die oggend te vertrek ten einde moontlike Boere-optrede te fnuik, is De la Rey voldoende oor die veranderde planne van Methuen ingelig.

3.3.7 Eenvoud

Ingewikkelde krygsplanne kan maklik komplikasies tot gevolg hê wat nie gemaklik opgelos kan word nie. Sowel Von Clausewitz as De Jomini beklemtoon die beginsel dat hoe eenvoudiger 'n beslissende maneuer is, des te sekerder die suksesvolle afloop daarvan sal wees.¹³⁰ Volgens Von Clausewitz is die beginsel van eenvoud in krygsoperasies die uitvloeisel van twee ander belangrike beginsels: eerstens, die stel van 'n verhewe doelwit, en tweedens, die nastrewing daarvan met alle beskikbare strydkragte.¹³¹

De la Rey se krygsplan met die oog op die aanval van Methuen se kolonne te Tweebosch-De Klipdrift was eenvoudig, naamlik om die stadig-bewegende kolonne van Methuen aan te val en te verslaan alvorens dit by die kolonne van Kekewich kon aansluit. Vir dié doel sou hy van verrassingsaanvalle op die kolonne gebruik maak en alle beskikbare strydkragte aanwend ten einde die konsentrasie van mag so spoedig as moontlik op die kritieke punte van Methuen se regterflank teweeg te bring. Voorts het De la Rey se krygsplan behels dat die twee afdelings van Methuen

126 Von Clausewitz, 1984, p. 117.

127 “Many intelligence reports in war are contradictory; even more are false, and most are uncertain”, Von Clausewitz, 1984, p. 117.

128 *Ibid.*

129 Van der Walt, p. 15.

130 Sien veral De Jomini, 1862, p. 196: “The more simple a decisive maneuer is, the more sure of success will it be.” Hy koppel dié beginsel aan die snelheid waarmee maneuvres uitgevoer word.

131 Von Clausewitz, 1987, pp. 321-323.

se kolonne geskei gehou moes word ten einde die konsentrasie van mag so lank moontlik op die swak punte van die kolonne te handhaaf en om die kolonne se mag soveel as moontlik te verdeel.

3.3.8 Verrassing

Generaal Waldemar Erfurt sien die ontwikkeling van die toepassing van verrassing as 'n belangrike ontwikkeling ten opsigte van die beginsel van die ekonomiese aanwending van strydkragte.¹³² Die beklemtoning van die element van verrassing in die moderne tyd het tot gevolg gehad dat die gekykte strategie dat verrassingsaanvalle op die flanke gedoen moet word, vervang is deur die beginsel dat aanvalle gedoen moet word waar die vyand nie op sy hoede is nie.¹³³ Erfurt beskou deeglike intelligensie as 'n belangrike voorwaarde vir die suksesvolle aanwending van verrassingstrategie.¹³⁴

Die element van verrassing het reeds vroeg in die stryd deel van De la Rey se krygsplanne gevorm. Op 3 Desember 1900 het hy 'n verrassingsaanval vanuit digte boskasies op 'n bewegende Britse konvooi te Van Wykspruit (ook genoem Buffelspoort of Buffelshoek) uitgevoer. Hoewel die verrassing van die Britse kolonne nie volkome was nie, is ongeveer 138 waens, 1 832 osse en 75 Britse gevangenes deur De la Rey geneem.¹³⁵ Sedert dié geveg het verrassingstegnieke 'n kerndeel van De la Rey se guerrilla-krygstegnieke gevorm. Dit is voorts opvallend dat De la Rey se verrassingstrategie in sy voorbereidings tot die slag te Tweebosch-De Klipdrift in 'n groot mate gebaseer was op die inligting wat deur Lombard se spioene en De la Rey se verkenners ingesamel is. Tweedens het De la Rey die eerste fase van die aanslag teen Methuen se kolonne teen die agterhoede (waar die vyand minder op sy hoede was) en teen die flanke (waar die kolonne op sy kwesbaarste was) van stapel gestuur.

3.3.9 Ekonomiese aanwending van mag

Suksesvolle krygsaanvoerders behoort alle strydkragte tot hul beskikking op so 'n wyse aan te wend dat hulle volle potensiaal benut word. Strydkragte wat nie effektief teen die vyand aangewend word nie, se mag word verkwis. Von Clausewitz se beginsels van suksesvolle oorlogvoering identifiseer die wyse toedeling van beperkte krygsmagte as 'n belangrike oorweging met die oog op sukses. Sy beredenering van die ekonomiese aanwending van strydkragte wentel om die kerngedagte dat indien 'n segment van 'n krygsmag hom op 'n punt bevind waar hy nie voldoende met die vyand in stryd verkeer nie of indien troepe nie veggend is

132 W Erfurt, "Surprise", in ST Possony en D Vilfroy (reds.), *Roots of strategy* 3 (Mechanicsburg, 1991), p. 360.

133 *Ibid.*, p. 356.

134 *Ibid.*, p. 417.

135 Amery, p. 95. Sien ook B Bouwer, *Memoirs* (Pretoria, 1980), pp. 79-80.

onderwyl die vyand offensief optree nie, sodanige krygsmag onekonomies aangewend word. In dié opsig, volgens Von Clausewitz, word krygsmag verkwis.¹³⁶ Wanneer die oomblik van beslissing aanbreek, is die eerste vereiste dat alle strydkrigte moet optree, omdat die militêre mag van volkome onaktiewe troepe geneutraliseer word.

Die beperkte magte waaroor De la Rey te Tweebosch-De Klipdrift beskik het, het dit vir hom noodsaaklik gemaak om alle beskikbare mannekrag in die beplande krygsoptrede te gebruik. 'n Eerste belangrike faset van De la Rey se insig in die ekonomiese aanwending van sy magte, word deur Von Rennenkampf beskryf:¹³⁷ die opstel van De la Rey se aanvalslinie geskied op so 'n wyse dat die Boere in verspreide orde opgestel word en dat hulle in uitgespreide orde teen die Britse oormag en geskutvuur aanstorm sonder 'n tweede linie of versterking agter hulle.¹³⁸

3.4 Persoonlikheid en karakter

Die militêre skrywer Freytag-Loringhoven¹³⁹ ag die verbintenis tot vaste oortuigings as 'n belangrike uitdrukking van karaktervolheid en morele deug van 'n suksesvolle krygaanvoerder – 'n persoon met wisselende standpunte beskik nie oor die deugde van karaktervolheid wat van 'n suksesvolle krygsaanvoerder geveer word nie. Andersyds toon hardkoppigheid 'n gebrek aan die regte temperament en weerspieël dit 'n onbuigsaamheid van wil en 'n weerstand teen eksterne invloede, wat sy oorsprong het in egotisme. Dit put ook behae uit die vertoon van gewaande intellektuele meerderwaardigheid en dit spruit uit 'n engheid van denke, wat die prysgawe van eie idees sien as 'n swakheid. Dit lei dikwels tot die versuim om geleenthede voldoende te benut.¹⁴⁰ Dit verklaar in 'n mate die persoonlike onmin wat vroeg in die oorlog reeds tussen De la Rey en generaal PA Cronjé oor strategiese optrede teen die Britse magte tydens die beleëring van Mafeking en Kimberley ontbrand het. Cronjé se hardkoppige neigings en sy versuim om die advies van De la Rey en ander aanvoeders te aanvaar, het uiteindelik die rampspoedige oorgawe van die Boeremagte te Paardeberg tot gevolg gehad.

Von Rennenkampf, die dokter van die Russies-Nederlandse ambulans verbonde aan De la Rey se kommando, het sowel die veldslae te Ijzerspruit as Tweebosch-De Klipdrift meegemaak. Hy beskryf De la Rey as 'n persoon van “heldhaftig, groot, Romaansch karakter”, 'n persoon wat grootgeword het in die gees van die Hugenate en gevorm is deur die “nood en verdrukking van zijn eens

136 Von Clausewitz, 1984, p. 213.

137 Von Rennenkampf 3.

138 *Ibid.*

139 H Freytag-Loringhoven, “The power of personality in war”, in Possony en Vilfroy (reds.) 3, p. 326 e.v.

140 *Roots of strategy* 3, p. 340.

vrij volk”.¹⁴¹ Ná Von Rennenkampf se beskrywing van De la Rey se optrede te Tweebosch-De Klipdrift, vermeld hy eksplisiet De la Rey se vasberadenheid en sy fyn aanvoeling vir die stemming wat in die geleedere van sy manskappe heers, asook De la Rey se vermoë om sodoende invloed op sy burgers uit te oefen en hul te motiveer dat hul in volle vertroue op hul aanvoerder ’n oormag bestorm. Hulle voel voor die geveg verseker van die oorwinning in dié mate dat die opwindig wat die burgers voor die slag aangryp, nie een van vrees is nie, maar ’n “vermeteले dapperheid” uitstraal. Von Rennenkampf voeg by dat die Boere onder De la Rey se aanvoering “onoorwinlik” was.¹⁴²

Die historikus, APJ van Rensburg, skryf van De la Rey dat hy ’n innig-gelowige Christen met “’n edele gemoed, ridderlike inbors en tere hart” was.¹⁴³ Hy wys voorts daarop dat in sy openbare loopbaan as Volksraadslid De la Rey, soos deur sy hele lewe, besadig, billik, regverdig en gematig was en in alles die belange van sy volk vooropgestel het.¹⁴⁴ Vir hom was die stryd ’n geloofsaak en tot die einde het hy geveg in die oortuiging dat die saak van die Boere reg was en dat hulle uiteindelik as oorwinnaars uit die stryd sou tree.¹⁴⁵ Van Rensburg vat De la Rey se persoonlike vermoëns soos volg saam: onverskrokke krygsman, onverbiddelike vaderlander en gedugte aanvoerder.¹⁴⁶

4. GEVOLKTREKKINGS

Die uitslag van die Britse nederlaag te Tweebosch-De Klipdrift was die direkte uitvloeisel van De la Rey se strategiese beplanning om, ten spyte van die oprigting van blokhuislinies en die saamtrek van Britse kolonnes in die Wes-Transvaalse krygsgebied, die grootste moontlike voordeel uit optrede teen die bewegende Britse kolonnes te haal. Die opmars van Methuen se kolonne vanaf Vryburg het De la Rey soos ’n handskoen gepas. Die stadig-bewegende wa-konvooi, die onervare samestelling van die afdelings in die kolonne en die feit dat groot hoeveelhede wapens, ammunisie en proviand deur die kolonne vervoer is, het Methuen die ideale slagoffer van De la Rey se krygsstrategie gemaak.

Wat De la Rey se taktiese optrede betref, kan alle krediet aan De la Rey se *snelheid van optrede* en die effektiewe montering van sy mag toegeken word. Die impak van De la Rey se aanval op die kolonne was die direkte uitvloeisel van die spoed waarmee De la Rey se burgers die stormloop uitgevoer het.

141 Von Rennenkampf 3.

142 *Ibid.*

143 Van Rensburg, p. 4.

144 *Ibid.*

145 *Ibid.*

146 *Ibid.*, p. 5.

De la Rey se optrede voor en tydens die slag bied 'n goeie voorbeeld van die waarde van die fokus op 'n *sentrale doelwit* en die ooreenstemmende beplanning om sodanige doelwit te bereik. Sedert Methuen se kolonne uit Vryburg vertrek het, was De la Rey se doelwit duidelik geformuleer en het hy deurgaans daarop gefokus gebly.

Bo en behalwe die *snelheid van optrede* waarmee De la Rey sy aanslag op die kolonne uitgevoer het, moet die *behoud van die inisiatief* as 'n kern-belangrike faset van De la Rey se taktiese optrede beskou word. Indien De la Rey die inisiatief teen die getalle-meerderheid van Methuen se kolonne verloor het, kon dit vir hom rampspoedige gevolge ingehou het.

Die snelheid van optrede en die behoud van die inisiatief het weinig *maneuvering* van De la Rey geverg. Hy was egter deurgaans daarvan bewus dat hy op die agterhoede en flanke moes konsentreer alvorens hy sy ruitersstormlope van stapel stuur. Die mate waartoe De la Rey daarin geslaag het om die impak op die agterhoede en regterflank vol te hou, moet as 'n suksesvolle *maneuvering* deur sy magte beskou word.

Hoewel verskeie kommando's onder De la Rey se bevel aan die slag deelgeneem het en sy veggенераals relatief outonoom opgetree het, het De la Rey by Tweebosch-De Klipdrift die vereiste eenheid van bevel effektief behou. Die snelheid waarmee die aanvalle uitgevoer is, het nie besonder hoë eise aan die beginsel van *eenheid van bevel* gestel nie.

Die slag te Tweebosch-De Klipdrift toon dat die waarde van *deeglike en betroubare intelligensie* binne die konteks van De la Rey se krygstreategie en -taktiek moeilik oorskakel kan word. Die sukses van De la Rey se optrede deur vinnig en effektief by die beslissende punte te wees, was grootliks die resultaat van die inligting wat De la Rey deur sy verkenners en spioene ingesamel het.

De la Rey se taktiese optrede was *eenvoudig en effektief*. Met die oog op sy strategie om Methuen se stadig-bewegende kolonne so spoedig moontlik te oorrumpel, was De la Rey se enkele doelwit om die kolonne deur ruitersstormlope so spoedig moontlik tot oorgawe te dwing. Die onderskeie komponente van sy beplanning het deurentyd op dié enkelvoudige en eenvoudige oogmerk gefokus.

Die element van *verrassing* sou as een van die uitstaande taktiese kenmerke van De la Rey se optrede aangeteken kon word. Hoewel Methuen daarvan bewus was dat Van Zyl by De la Rey se kommando's aangesluit het en dat 'n aanval waarskynlik een of ander tyd uitgevoer sou word, het die aanval vir die kolonne onverwags gekom. Dit het die Britse manskappe onverhoeds getref en die kumulatiewe effek daarvan, asook snelheid van optrede en die effektiewe monsterring van die Boeremag, het doeltreffende Britse weerstand bykans uitgeskakel.

Met die oog op effektiewe optrede teen die getalle-oorwig van die Britte, was dit vir De la Rey noodsaaklik om alle beskikbare magte aan Boerekant *ekonomies* aan te wend. Vir dié doel het hy alle dele van sy kommando's binne sy beplanning

en die taktiese uitvoering van sy aanvalsplan betrek. Met die oog op die aktiewe benutting van alle beskikbare magte het De la Rey selfs daarteen gewaak dat van die beskikbare burgers nie ten gevolge van die Britse geskut koue voete kry en hul makkers in die steek laat nie.

Die *karakter en persoonlikheid* van De la Rey het tydens die slag te Tweebosch-De Klipdrift – soos ook ander voorafgaande veldslae – ’n belangrike rol gespeel om vertroue by sy burgers in te boesem, hul patriotisme aan te vuur, en hul daarvan te oortuig dat die stryd teen die getalle-oorwig van die Britte effektief voortgesit kon word. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat De la Rey se veggeneraals van uitsonderlike stoffasie was en ’n reuse aandeel aan die Boere se sukses gehad het. De la Rey se sukses het in ’n sekere sin op dié van sy veggeneraals berus en daarop voortgebou. Daar moet egter ook bygevoeg word dat De la Rey sterk bemoediging en morele ondersteuning uit die teenwoordigheid van siener Van Rensburg geput het. Die feit dat hy positief op die siener se mededelings gereageer het en sy waarnemings in sy krygsplanne betrek het, het ook in beduidende mate by die burgers vertroue en morele onderskraging tot gevolg gehad.

Die kumulatiewe effek van die faktore wat De la Rey in die aanloop tot en tydens die slag tot nadeel van die Britse mag aangewend het, maak Tweebosch-De Klipdrift ’n voorbeeld van die effek wat deeglik-beplande guerrilla-krygsoptrede teen ’n groot getalle-oorwig kan vermag. De la Rey se krygsbeplanning en –optrede beantwoord deeglik aan Von Clausewitz se beskrywing in dié verband: “A people’s War should never condense into a solid body. Still, it should collect at some points into denser masses, and form threatening clouds from which now and again a formidable flash of lightning may burst forth.”¹⁴⁷

147 Von Clausewitz, 1945, p. 93.